











# Aanbevole klasleesboeke vir graad 7-11



<table>
<tr><th>Titel</th><th>Skrywer & kort beskrywing</th><th>Prys</th><th>Aantal bladsye</th><th>Aanbevole graad</th></tr>
<tr><td>Al wat ek weet<br>(studiegids beskikbaar)<br>
</td><td>Marita van der Vyver<br><br>'n Eg Suid-Afrikaanse tienerverhaal oor 'n sukkelende pa-en-seun-verhouding en die reddende krag van woorde. Marita van der Vyver skryf oortuigend en boeiend oor die wêreld van performance poetry en die hoofkarakter, Gabriel, se pogings om ná sy ma se dood sin te maak van die wilde draaie wat die lewe partykeer met 'n mens gooi.<br>Naaswenner: LAPA- jeugromankompetisie 2015.<br><br>ISBN: 9780799378993</td><td>R175</td><td>232</td><td>9-10HT<br>10-11EAT</td></tr>
<tr><td>As mens geluk kon proe<br>(studiegids sal voor 2019 beskikbaar wees)<br>
</td><td>Zelda Bezuidenhout<br><br>Arnelia is vasbeslote om 'n nuwe blaadjie by haar nuwe skool om te slaan. Toe sy en haar nuwe vriende 'n ou goudgeel kombi in 'n mobiele eetplek omskep, is dit die begin van 'n wipwa-avontuur vol vriendskap en romanse. 'n Heerlike tienerverhaal propvol humor en deernis, wat bewys dat geluk dikwels in die klein dingetjies skuil.<br>Naaswenner: LAPA- jeugromankompetisie 2017.<br><br>ISBN: 9780799389470</td><td>R180</td><td>192</td><td>8-9HT<br>9-10EAT</td></tr>
<tr><td>Die perfekte brander en ander verhale (kortverhale, studiegids sal voor 2019 beskikbaar wees)<br>
</td><td>Saamgestel deur Adinda Vermaak en Marieta Nel<br><br>Stories oor die pyn en vreugdes van verlief wees. Stories oor die waagmoed, twyfel en uitdagings van jonk wees. Stories wat jou sal laat glimlag of 'n traan laat wegvee. Stories wat wéét hoe dit voel om sestien te wees. Hierdie versameling bevat 27 stories deur van die bekendste skrywers in Afrikaans, en 'n paar opwindende nuwe stemme.<br><br>ISBN: 9780799383805</td><td>R175</td><td>240</td><td>10-11HT<br>10-11EAT</td></tr>
<tr><td>Dinge wat ek nie van skape geweet het nie (studiegids sal voor 2019 beskikbaar wees)<br>
</td><td>Jaco Jacobs<br><br>As jy op die ingewing van die oomblik 'n skaap by 'n kerkbasaar steel, sal jou lewe nooit weer dieselfde wees nie ... Hierdie humoristiese, hartroerende tienerboek sal jou anders laat kyk na die dinge wat die lewe die moeite werd maak.<br><br>ISBN: 9780799384512</td><td>R155</td><td>136</td><td>7HT<br>7-8EAT</td></tr>
<tr><td>Oor 'n motorfiets, 'n zombiefliek (gratis studiegids beskikbaar, daar is ook 'n fliek van die boek gemaak – Nul is nie niks nie)<br>
</td><td>Jaco Jacobs<br><br>Martin Retief se hele lewe verander toe sy pa een middag stilhou om aandete te koop. Maar dan ontmoet Martin vir Drikus. Drikus wat aan 'n siekte ly en sy eie zombiefliek wil maak. Wat volg is 'n avontuur vol skouhoenders, skelms, mooi meisies, wiskunde, kammabloed en zombies.<br><br>ISBN: 9780799362404</td><td>R155</td><td>128</td><td>7HT<br>8-9EAT</td></tr>
</table>




| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Die sewentiende veer**<br> | Nanette van Rooyen<br><br>Lara werk in haar vrye tyd by 'n tatoeëersalon, en wonder soms oor die pa wat sy nooit gehad het nie. Alex het in 'n kinderhuis grootgeword en het 'n vreemde fassinasie met uile. Lara weet dit nog nie, maar haar en Alex se stories is op die punt om vir ewig verstrengel te word. En alles begin met 'n boks vol briewe wat sy in 'n hoededoos op haar ma se kas ontdek.<br>***Naaswenner: LAPA- jeugromankompetisie 2017.***<br><br>**ISBN: 9780799389418** | R180 | 152 | **8-9HT**<br>**9-10EAT** |
| **Ek was hier (gratis studiegids beskikbaar)**<br> | Nanette van Rooyen<br><br>Frankie is mal oor skaatsplank ry en kunsflieks. Sy wonder oor Milan, die geheimsinnige, stil ou in haar klas met die swart hare en bleek vel. En sy wonder oor die papier-rot en die Banksy-boek wat sy een oggend buite haar venster kry. Milan neem kitaarlesse, hou van flieks, old school-musiek soos Pink Floyd en Led Zeppelin en maak snags stensils. Hy wonder wat deesdae met hom aangaan – is hy siek of verlief? Wat dit ook al is, dit het begin die oomblik toe hy Frankie by die Waterfront gesien het...<br>***Wenner: LAPA- jeugromankompetisie 2011.***<br><br>**ISBN: 9780799354966** | R165 | 176 | **8-9HT**<br>**9-10EAT** |
| **'n Goeie dag vir boomklim (gratis studiegids beskikbaar)**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Marnus beland saam met Leila bo in 'n boom in 'n desperate poging om te keer dat dit afgekap word. En uiteindelik kry Marnus 'n kans om raakgesien te word… 'n Humoristiese, aangrypende grootwordverhaal vol onvergeetlike karakters.<br><br>**ISBN: 9780799373967** | R155 | 128 | **7HT**<br>**8-9EAT** |
| **'n Hart vol sand**<br> | Anzil Kulsen<br><br>'n Boeiende jeugroman wat enersyds 'n blik bied op die realiteite wat jong mense op 'n klein, plattelandse gemeenskap in die gesig staar, maar terselfdertyd ook 'n vermaaklike verslag is van 'n jong, bedorwe stadsmeisie se ervaring van eerste liefde en haar ontdekking van haar kulturele erfenis.<br><br>**ISBN: 9780799366747** | R165 | 160 | **9HT**<br>**9-10EAT** |
| **13 Spookstories (kortverhale)**<br> | Francois Bloemhof, Jaco Jacobs & Fanie Viljoen<br><br>Glo jy in spoke? Is daar regtig allerlei bangmaakgoed wat in die nag rondloop? Maak dig toe die gordyne, kom in jou bed, trek die duvet styf om jou skouers … en laat die 13 stories in hierdie boek jou koue rillings gee!<br><br>**ISBN: 9780799346572** | R155 | 108 | **8-9EAT** |
| **Aksieheld Austin**<br> | Fanie Viljoen<br><br>Ewald is baie opgewonde toe hy die rol van Aksieheld Austin in 'n fliek losslaan. Maar iets is nie pluis op die filmstel nie. Dit lyk asof 'n regte skurk die rolprent probeer saboteer. As Ewald die fliek wil red, sal hy so dapper soos 'n REGTE aksieheld moet wees ...<br><br>**ISBN: 9780799366327** | R125 | 64 | **7EAT** |






| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Betower - die drama**<br>***(FET-skooluitgawe met vrae en aktiwiteite agterin)***<br> | Fanie Viljoen<br><br>Nadia het 'n geheim. Dit is die rede waarom sy in die Magoebaskloof moet gaan bly. Hier ontmoet sy vir Poenk. Bos-Poenk. Geheimsinnige Poenk. Poenk wat haar leer hoe paddaeiertjies ruik. Wat haar wys wat daar kleure soos ritselgroen, bangmaakgroen, fluistergroen, kieliegroen en flikkergroen bestaan. Poenk wat vir haar gedigte lees en vir haar sprokies vertel. Poenk wat self 'n geheim in hom ronddra. ***Verwerking van die naaswenner in LAPA se jeugromankompetisie (2011).***<br><br>**ISBN: 9780799375398** | R125 | 96 | **10EAT** |
| **Die meisie op die dak**<br> | Cecilia Steyn<br><br>Estelle is skaam vir hulle nuwe huis. Sy wens die ding met haar pa het nooit gebeur nie. Sy wens sy hoef nie terug te gaan skool toe nie. Dan ontmoet Estelle vir Aiden. Aiden wat saans op die motorhuis se dak sit en kondensmelk eet. Aiden wat haar dalk weer in wonderwerke kan laat glo.<br><br>**ISBN: 9780799377248** | R155 | 120 | **8-9EAT** |
| **Die rooikop, die leeu en die handgranaat**<br> | Annelie Ferreira<br><br>Die afgelope tyd voel dit vir Adele asof 'n groot hand haar wêreld gevat en dit geskud het. Sedert die begin van die jaar vaar sy skielik vrot in kuns. By die huis voel dit asof dinge ook skielik verander. En dit alles begin die middag toe sy van die skool af kom en 'n leeu in hulle tuin ontdek ...<br><br>**ISBN: 9780799383614** | R155 | 128 | **8-9EAT** |
| **Die swakste restaurant in die heelal (kortverhale)**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Kom eet by die swakste restaurant in die heelal, vind uit hoe om toonkonfyt te maak, of gee vir tannie Breggie 'n soentjie – as jy dapper genoeg is. GIGGEL, GIL, BRUL, PROES, SNORK en SKATER van die lag met hierdie versameling skreeusnaakse stories uit die pen van Jaco Jacobs. Hierdie bundel kortverhale bevat tien stories wat gewaarborg is om jong lesers se lagspiere oortyd te laat werk.<br><br>**ISBN: 9780799388817** | R160 | 152 | **7HT**<br>**7EAT** |
| **Dromers**<br> | Fanie Viljoen<br><br>Dans is Byron Carelse se hele lewe. Dit is sy energie, sy passie, sy geluk ... sy vonk. Wanneer die ritme sy lyf beetkry, vergeet hy van die probleme wat by die huis op hom wag.<br><br>Sy beste vriendin, Tasha, sê altyd hy moenie toelaat dat ander mense sy vonk steel nie. Maar sy weet nie van die dinge wat by sy huis gebeur nie. En dalk is dit beter so. Wat sal sy van hom dink?<br><br>**ISBN: 9780799383621** | R135 | 72 | **7HT**<br>**8-9EAT** |
| **Ek + jy**<br> | Nerine Ahlers & Alet Steenkamp<br><br>Nadat haar vorige ou haar verkul het, besluit Annabelle sy stel nie meer in ouens belang nie. Maar dan ontmoet sy 'n blouoog-hunk wat haar laat twyfel ... Moet sy dalk weer 'n ou 'n kans gee, of gaan sy weer seerkry?<br><br>**ISBN: 9780799362817** | R165 | 160 | **9EAT** |




| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Gerook** **(gratis studiegids beskikbaar)**<br> | Eldridge Jason<br><br>Cobie het lank uitgesien na die Desember-skoolvakansie. Om 'n paar weke by sy ouma op Vaalberg te kom bly, was egter beslis nie deel van sy vakansieplanne nie. Maar dié Weskusdorpie is nie heeltemal so vaal en vervelig soos sy naam sê nie ... Is dit sy verbeelding, of hou iemand hom dop? Wie is die geheimsinnige Lady Zee wat hom skielik op Mxit kontak? En is dit waar dat Vaalberg saans ná sononder in 'n gevaarlike tik-nes verander?<br><br>**ISBN: 9780799362145** | R155 | 104 | **8HT**<br>**9-10EAT** |
| **Gevaarlike lopies** ***(CAPS-skooluitgawe met vrae en aktiwiteite agterin)***<br> | Jaco Jacobs<br><br>Henk kan nie wag vir die kriekettoer om te begin nie. Wat kan nou lekkerder wees as om saam met jou vriende die land plat te toer en die een krieketwedstryd na die ander te speel!<br><br>Maar van die begin af is dit duidelik dat hierdie nie 'n gewone toer gaan wees nie. Wie probeer by die span se bussie inbreek? Is daar regtig iemand wat snags in die koshuisgange rondsluip, of is dit Henk se verbeelding? Kort voor lank lyk dit of die kriekettoer in 'n nagmerrie gaan ontaard…<br><br>**ISBN: 9780799359794** | R115 | 72 | **7HT**<br>**8EAT** |
| **Kaptein verdwyn**<br> | Fanie Viljoen<br><br>Wat sal jy doen as jy onsigbaar kan raak?<br>Kyle is moeg daarvoor dat die skoolboelie op hom pik. Toe hy 'n nuwe selfoon kry, laai hy 'n vreemde app af – een wat belowe om jou onsigbaar te maak! Kort voor lank verander Kyle in 'n superheld: Kaptein Verdwyn! En hy besluit dit is tyd om die boelie 'n les te leer …<br><br>**ISBN: 9780799379044** | R125 | 72 | **7EAT** |
| **Kate in harmonie**<br> | Jacolet van den Berg<br><br>Kate se lewe word op sy kop gekeer toe haar gesin van Johannesburg na 'n plaas in die Paarl-distrik verhuis. Maar Kate die stadsjapie is uit die staanspoor gefassineer deur Harmonie, die befoeterde hings met die vurige oë. En toe Harmonie se toekoms in die weegskaal beland, moet Kate die dapperste ding van haar lewe doen …<br><br>**ISBN: 9780799388756** | R180 | 160 | **8-9HT**<br>**9-10EAT** |
| **Liefde laat jou Rice Krispies anders proe**<br> | Tania Brink<br><br>Marzanne Odendal is 'n uitgeproke tiener wat daarvan droom om 'n beroemde verslaggewer te word, wat sonder die verpligtinge van 'n man en kinders, eendag rondom die wereld kan reis op soek na opwinding en avontuur. Maar dan ontvang sy 'n anonieme liefdesgedig per e-pos en stadig maar seker begin ons heldin se hart verkrummel...<br><br>**ISBN: 9780799340853** | R135 | 88 | **7-8HT**<br>**8-9EAT** |
| **Koue rillings**<br> | Francois Bloemhof, Jaco Jacobs & Fanie Viljoen<br><br>Ontmoet die Rotman met sy verslete jas en sy oog wat lyk soos 'n ou wond wat lankal gesond geword het ...<br>Kom ry saam op 'n baie spesiale mallemeule, waar die kinders se gille van plesier snags omsit in angsgille ...<br>En vind uit wat gebeur as jy laatnag in Slangrivier gaan swem ...<br>Hierdie versameling grilstories sal jou koue rillings gee!<br><br>**ISBN: 9780799362107** | R155 | 168 | **8-9EAT** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Kondensmelk**<br><br><br>**Ander titels in die Elle-reeks:**<br>• *Koshuiskoffie*<br>• *Blou sjokolade*<br>• *Franse Vlegsel*<br>• *Duinebesies*<br>• *Rocksusters*<br>• *Middernagklub*<br>• *Strikdans* | Christien Neser<br><br>Superhipermega-aaklig. Dis hoe Elle voel oor die vakansie wat voorlê. En daar is 'n paar baie goeie redes waarom sy so voel:<br>1. Beskaafde mense hou nie vakansie in 'n tent in die diepste bosse van Botswana nie.<br>2. Sy mis haar twee beste vriende, Estelle en Chanelle, en die winkels en partytjies in die stad.<br>3. Zero selfoonontvangs.<br>4. Die familie en haar pa en ma se universiteitsvriende, die Mosterts, kom sak en pak saam.<br>5. Die Mosterts se twee irriterende, beterweterige, chauvinistiese, kondensmelkdrinkende seuns, Divan en Alex. Twee dorpsjapies. Twee koshuisbrakke. Wat haar boonop ignoreer. Vir háár, Elle-Belle. Geen normale ou met gesonde hormone het haar nog ooit geïgnoreer nie.<br>Maar in die bosse van Botswana ontdek Elle boonop 'n nare geheim oor haar ouers ... en teen wil en dank moet sy die twee seuns beter leer ken.<br><br>**ISBN: 9780799347623** | R165 | 160 | **8HT**<br>**9-10EAT** |
| **Kupido.com**<br><br> | Annabel Allers<br><br>Léa kan dit nie help nie – die hoofseun, Philip Cronjé, laat haar hart tjoklits klop.<br><br>Nie dat dit regtig saak maak nie, want Léa weet 'n ou soos Philip sal nie eens twee keer na 'n vaal, vervelige meisie soos sy kyk nie. Maar dan skep haar beste vriendin, Kaylie, vir haar 'n vals profiel op Kupido.com, 'n kletskamer waar jy veronderstel is om die liefde van jou lewe te ontmoet. En kort voor lank is daar iemand wat met Léa wil gesels – Philip!<br><br>**ISBN: 9780799383829** | R155 | 144 | **8-9EAT** |
| **Nova 1: Die Begin (gratis studiegids beskikbaar)**<br><br> | Fanie Viljoen<br><br>Vreemde goed gebeur op die dorpie Nova. Die weermag is besig met geheimsinnige projekte agter hoë heinings. Lucas en sy vriende het ontmoetings met ruimtewesens en Lucas word vasgevang in 'n nagmerrieagtige, donker ruimteskip waar aaklige goed met hom gebeur.<br><br>**ISBN: 9780799349801** | R155 | 104 | **8-9EAT** |
| **Om te dans**<br><br> | Noreen Nolte<br><br>Skaars drie maande terug was Lisa se lewe nog normaal. Hulle was 'n gesin, sy het vriende gehad en sy het geléwe vir ballet. Maar toe verander alles in 'n oogwink.<br>Ná die bom bars, gaan haar ma vir drie maande oorsee, en Lisa moet by haar eksentrieke ouma gaan bly wat pienk tekkies dra en glo in lysies maak. Sy moet probeer aanpas in 'n nuwe skool waar alles onbekend is. En sy moet probeer vrede maak met wat gebeur het.<br><br>**ISBN: 9780799380194** | R155 | 144 | **8-9HT**<br>**9-10EAT** |
| **Ouens is nie pizzas nie!**<br><br> | Tania Brink<br><br>Anja en Zanelle werk vir die Desembervakansie in 'n pizzarestaurant by die see. Anja steur haar soos gewoonlik nie aan al Zanelle se praatjies oor ouens of aan die tydskrifartikels wat sy lees nie - soos die een oor ouens en pizzas …<br><br>**ISBN: 9780799354942** | R135 | 100 | **7-8HT**<br>**8-9EAT** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Perfek** ***(CAPS skooluitgawe met vrae en aktiwiteite agterin)***<br> | Jaco Jacobs<br><br>Blonde hare ... Helderblou oë ... 'n Skitterwit glimlag ... Natasja is perfek. Dit besef Jak die oomblik toe sy by die klas se deur instap. Maar hy is net 'n doodgewone ou. Hoe kan hy die mooiste meisie in die skool se aandag trek? Julia, sy beste vriendin, het 'n plan ...<br><br>**ISBN: 9780799359831** | R135 | 80 | **7-8EAT** |
| **Permanente ink (gratis studiegids beskikbaar)**<br> | Carina Diedericks-Hugo<br><br>Kaapstad word deur 'n reeksmoordenaar geteister. Die Romeo-en-Juliet-moordenaar se slagoffers is almal tieners. Verliefde paartjies. En almal word op dieselfde manier gevind: die lyke langs mekaar neergelê, hul hande inmekaargevleg. Die meisies het 'n steekwond aan die bors en die seuns is vergiftig. Terwyl die polisie probeer om die moordenaar vas te trek, beland 'n groepie niksvermoedende tieners in 'n gevaarlike web wat al stywer span ...<br>***Naaswenner: LAPA- jeugromankompetisie 2011.***<br><br>**ISBN: 9780799352382** | R165 | 192 | **8-9HT**<br>**10-11EAT** |
| **Skreeu en ander verhale (kortverhale, studiegids beskikbaar)**<br> | Saamgestel deur Adinda Vermaak en Marieta Nel<br><br>Soos 'n vuishou in die maag. So tref hierdie bundel kortverhale vir tieners jou. Van die bekendste skrywers in Afrikaans span saam vir 'n boeiende leeservaring. Al die stories in hierdie bundel het een ding gemeen – hulle is uit die perspektief van hedendaagse jongmense geskryf en takel kwessies waarmee tieners hulle sterk kan vereenselwig. Die 30 splinternuwe kortverhale in hierdie bundel is geskryf deur 22 uiteenlopende skrywers – van bekende skrywers soos Jan van Tonder, Riana Scheepers, Martie Preller en Jaco Jacobs tot opwindende nuwe stemme soos Lydia du Plessis.<br><br>**ISBN: 9780799370744** | R175 | 160 | **10-11HT**<br>**10-11EAT** |
| **Spring** ***(CAPS skooluitgawe met vrae en aktiwiteite agterin)***<br> | Fanie Viljoen<br><br>Hoe ver sal jy gaan om die meisie van jou drome te beïndruk? Wat sal jy doen om jou beste vriend se lewe te red? Rudi en Steven maak 'n snaakse video. Die soort dom video wat jy maak om 'n meisie te probeer beïndruk. Kort voor lank het hulle hope aanhangers op YouTube. Hulle kry selfs 'n bynaam – die Vidiote. Maar dan ontmoet hulle vir Marco. Marco het planne. Opwindende planne. Gevaarlike planne. Planne om die Vidiote se toertjies beter en waaghalsiger te maak. En dan loop dinge skeef ...<br><br>**ISBN: 9780799359848** | R135 | 96 | **8-9EAT** |
| **Suurlemoen! (gratis studiegids beskikbaar, daar is ook 'n fliek van die boek gemaak)**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Daar is 'n paar basiese reëls wanneer jy jou eerste band begin ...<br>1. Besluit vooraf watter soort musiek julle wil maak.<br>2. Neem jou tyd om lede vir jou band te kies.<br>3. Moenie op iemand in jou eie band verlief raak nie.<br>Ons het al die reëls oortree ...<br><br>**ISBN: 9780799342352** | R165 | 160 | **7-8HT**<br>**9-10EAT** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Sterkykers (gedigte)**<br> | Saamgestel deur Jaco Jacobs<br><br>Skryf 'n liefdesbrief.<br>Bemeester die kuns van hande vashou.<br>Vuisstamp die lewe voluit.<br>Lag soos die mense in advertensies.<br>Raak onsigbaar.<br>Twiet vir iemand 'n vers.<br>Hierdie bundel vars, verrassende gedigte vir tieners bou voort op die suksesvolle *Toulopers*. Bekende digters en skrywers soos Koos Kombuis, Ronelda S. Kamfer, Nathan Trantraal, Annie Klopper, Fanie Viljoen, Izak de Vries en Jaco Jacobs span kragte saam met opwindende nuwelinge soos Deon Meiring (hoofsanger van die groep Glaskas), Solette Swanepoel, Donnay Torr en Danie du Toit (sanger en liedjieskrywer van die groep Spoegwolf) in 'n opwindende digbundel wat spesiaal saamgestel is om hedendaagse jongmense se leefwêreld te weerspieël.<br><br>**ISBN: 9780799372755** | R145 | 56 | **7-11HT**<br>**7-11EAT** |
| **Sweef en ander verhale (kortverhale, studiegids beskikbaar)**<br> | Saamgestel deur Adinda Vermaak en Marieta Nel<br><br>Al die verhale in Sweef het een ding gemeen - dit is spesifiek gefokus op tieners en hul belewenis van die wêreld. Daar is stories wat jou sal laat dink en droom, stories wat jou sal laat ril en raai, en bowenal stories wat jou sal laat ... sweef.<br><br>**ISBN: 9780799345520** | R175 | 172 | **7-9HT**<br>**8-9EAT** |
| **Thomas@sms.net *(CAPS-skooluitgawe met vrae en aktiwiteite agterin)***<br><br>***<u>Ook beskikbaar in die Thomas@-reeks</u>***<br>***<u>(slegs gewone uitgawe, nie skooluitgawe):</u>***<br>• Thomas@geraamte.net<br>• Thomas@moord.net<br>• Thomas@nagmerrie.net<br>• Thomas@rock-ster.net<br>• Thomas@skerpioen.net<br>• Thomas@sms.net<br>• Thomas@vrees.net | Carina Diedericks-Hugo<br><br>Met hierdie reeks klim Carina Diedericks-Hugo met haar heerlike humoristiese skryfstyl en spannende, eietdse storielyne in die koppe en harte van tieners. Haar wenresep is 'n mengsel van aksie, humor, uiteenlopende karakters en selfs 'n tikkie romanse sodat seuns- en meisielesers ewe sterk by die reeks kan aanklank vind. Geen wonder dat *<u>Thomas@moord.net</u>* al in sy 20ste druk is nie!<br><br>**ISBN: 9780799359817** | R135 | 104 | **7-8HT**<br>**8-9EAT** |
| **Toulopers (gedigte, studiegids beskikbaar)**<br> | Saamgestel deur Jaco Jacobs<br><br>Die 54 gedigte in Toulopers is almal splinternuut en is geskryf met tieners van 13 tot 15 jaar in gedagte. Van ernstiger temas tot glimlagverse, van rebelse gedigte tot dolverliefde SMS-poësie – al die bydraes in hierdie bundel is met een doel voor oë gekies: om tot moderne tieners se leefwêreld te spreek.<br><br>**ISBN: 9780749627993** | R145 | 68 | **7-11HT**<br>**7-11EAT** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Virus**<br> | Jaco Jacobs<br><br>Bly weg van daardie goed wat in die strate ronddwaal. Selfs al lyk hulle soos jou familie en vriende, jou buurman of buurvrou, die ou of meisie op wie jy jou hart verloor het. As jy gelukkig is, verskeur hulle jou binne sekondes. As jy nie so gelukkig is nie en dit oorleef ... wel, dís die scary deel.<br><br>**ISBN: 9780799344592** | R155 | 116 | **8HT**<br>**9-10EAT** |
| **Vis en Tjips** ***(CAPS-skooluitgawe met vrae en aktiwiteite agterin)***<br> | Jaco Jacobs<br><br>Watter soort ou breek by 'n akwarium in? En verf graffiti teen die muur? Of gooi bottels en ander gemors in die dolfyntenk? Kevin Pieterse, dis wie. Kevin is moeilikheid met 'n hoofletter "M". As straf vir sy vandalisme moet hy gemeenskapsdiens by die akwarium doen. Crystal kan nie glo sy moet die hele Desembervakansie in sy gesig vaskyk nie. Sy wens hy beland pens en pootjies in die haaitenk. Maar dan ontmoet Kevin vir Ginger die dolfyn. En dit is liefde met die eerste oogopslag ...<br><br>**ISBN: 9780799359800** | R135 | 88 | **8HT**<br>**8-9EAT** |
| **Weg**<br> | Nerine Ahlers en Alet Steenkamp<br><br>Niekie word in 'n vreemde bed wakker met kneusplekke aan haar gesig en kabelbinders wat in haar polse en enkels insny. Sy weet haar ontvoerder is van plan om haar dood te maak. Terwyl die uurglas vir Niekie leegloop, probeer haar kêrel, Zack, die raaisel van haar ontvoering oplos.<br><br>**ISBN: 9780799388824** | R170 | 152 | **8-9HT**<br>**10-11EAT** |
| **Zackie Mostert druk 'n drie** ***(CAPS skooluitgawe met vrae en aktiwiteite agterin)***<br> | Jaco Jacobs<br><br>Granaatstraat is 'n straat nes enige ander straat. Wel, nie heeltemal nie ... Dis immers die straat waarin Zackie Mostert bly! En waar Zackie is, gebeur altyd iets opwindends.<br><br>Zackie en Vincent sien baie uit na die rugbytoer. Selfs al speel hulle nie vir die A-span nie. En selfs al dra hulle span se afrigter lipstiffie! Maar dan word die rugbytoer afgestel, en almal dink dis Zackie se skuld ...<br><br>**ISBN: 9780799359824** | R115 | 72 | **7-8EAT** |
| **Die leeutemmer se assistant**<br> | Solet Scheeres<br><br>Martjie beland saam met 'n leeu in een van die Pagel-sirkus se treintrokke – en nadat sy die mense van die sirkus leer ken, weet sy dat haar lewe nooit weer dieselfde sal wees nie. Hierdie aangrypende, aksiebelaaide verhaal is losweg op die geskiedenis van die beroemde Pagel-sirkus geskoei.<br><br>**ISBN: 9780799379143** | R155 | 152 | **7HT**<br>**8EAT** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Zita (gratis studiegids beskikbaar)**<br><br> | Anzil Kulsen<br><br>Alles by haar nuwe skool is vir Zita vreemd. Die kinders, die kos die sport, selfs die skoolwerk. Sy verlang terug na Kieriekroek waar sy grootgeword het - 'n plek wat net soveel kleurvolle karakters het as wat hy swaarkry het. Dis net die gedagte aan Waldo by die nuwe skool wat Zita elke keer dromerig laat glimlag. Maar daar is 'n ding wat tussen haar en Waldo staan. Dieselfde ding wat tussen haar en haar ma en tussen haar en die nuwe skool staan. Dis die ding met haar pa ...<br><br>**ISBN: 9780799342383** | R165 | 160 | **9-10HT**<br>**10-11EAT** |
| **Asem**<br><br> | Jan Vermeulen<br><br>'n Aangrypende grootwordverhaal oor verslawing, tweede kanse en wat dit beteken om jouself waarlik te vind.<br>***Wenner: LAPA- jeugromankompetisie 2015.***<br><br>**ISBN: 9780799379037** | R175 | 256 | **11HT** |
| **Afkop**<br><br> | Fanie Viljoen<br><br>Trent is die naweek alleen by die huis. Ná 'n rowwe partytjienag saam met sy vriende wat met 'n motorongeluk eindig, word Trent met 'n moeilike besluit gekonfronteer: Wat moet hy doen met die sak vol geld wat hy op die ongelukstoneel gekry het?<br><br>***Naaswenner: LAPA- jeugromankompetisie 2015.***<br><br>**ISBN: 9780799372885** | R175 | 208 | **10HT**<br>**11EAT** |
| **Uit**<br><br> | Fanie Viljoen<br><br>Brent is in graad tien. Hy's gewild. Hy speel rugby. Hy het soort van 'n meisie. En hy is gay. Nog nooit tevore is daar so openlik, eerlik, sensitief en op die man af in 'n Afrikaanse tienerboek geskryf oor 'n seun se stryd om vrede te maak met sy homoseksualiteit nie.<br><br>**ISBN: 9780799367034** | R155 | 136 | **10HT**<br>**10-11EAT** |

**Bestel boeke vir jou skool: [liesbetg@lapa.co.za](mailto:liesbetg@lapa.co.za) | 0846172019 | [www.lapa.co.za](http://www.lapa.co.za)**

- **Terme en voorwaardes geld.**
- **Pryse is onderhewig aan verandering.**